View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)



1. Dit is in die eerste plek 'n ware behoefte van die hart om ook in die openbaar diepe erkentlikheid uit te spreek vir die groot eer aan my persoon bewys met die eenparige benoeming tot Kanselier van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Om as hoof en leier van hierdie beginselvaste Inrigting te staan is die hoogs moontlike onderskeiding wat my as persoon kon te beurt geval het. Terselfdertyd wek dit by my 'n gevoel van onwaardigheid en ware nederigheid.

2. Die gevoel van kleinheid word nog verder verdiep, wanneer in herinnering gebring word die twee voorgangers in wie se voetspore ek nou

**Bylaag tot „Koers", Februarie 1955.**

# DIE ROEPING EN TAAK VAN ONS UNIVERSITEIT.

**(Inougurele Rede gehou by die aanvaarding van sy Amp as Kanselier van die P.U. vir C.H.O., op 18 Februarie 1955, deur dr. F. J. du Toit).**

geroep is om te volg. Die prestasies van die drie van ons is haas onvergelykbaar.

As eerste Kanselier het ons hier gehad Totius, daardie blinkende ster van Suid-Afrika. In die toekenningstoespraak van die eerste Ere-Doktorsgraad wat deur hierdie Universiteit toegeken is, is hy tereg bestempel as 'n „Gawe van God".

As tweede Kanselier is hy opgevolg deur 'n ware en opregte dissipel van homself, nl. die algemeen gevierde en gewaardeerde volksleier en volksvriend, prof, dr. J. C. van Rooy.

Teenoor die hoogtes deur my twee voorgangers bereik, vergelyk my eie bydragies tot bevordering van ons volkslewe as net klein drywende sandkorreltjies waarin daar geen eie selfstandigheid of oorspronklikheid te vind is nie. *Hulle het inderdaad met goud en diamantstene help bou tot die volle ontplooiing van ons volkslewe.*

3. Waar ek egter vir niemand terugstaan nie is wat betref 'n vaste en onwrikbare vertroue in die toekoms van ons land en volk. Dit is vir my 'n deurslaggewende *geloofsoortuiging* dat ons volk in hierdie land van ons 'n God-gegewe taak het om as 'n helderskynende lig te skitter in 'n andersins donker Afrika.

Ook is dit my *openbare geloofsbelydenis* dat hierdie groot en roemryke taak en toekoms vir ons bepaal is en alleen bereik kan word as ons handel

en wandel in „die Lig van Gods Woord" is, m.a.w. dat in alle geskiedenis en dus ook in die besonder in ons eie volksgeskiedenis, die besturende hand van God gesien en geken moet word, soos in die verlede, so ook in die toekoms.

4. Om in mindere of meerdere mate te kan bydra tot die bouwerk van die toekoms van ons land en volk moet dus as vanself as 'n besondere voorreg beskou word—ook vir hierdie Universiteit van ons!

Maar enige sodanige fenomenale taak en toekoms wat vir ons volk bestem mag wees, kan nie verwesenlik word sonder 'n onverbiddelike *deursettingsvermoë en dus harde werk nie.*

Die realisme van die lewe, van ons tye veral, vereis standaarde, waaraan of voldoen moet word, of al ons pogings sal op mislukkings uitloop.

5. Daar is daagliks 'n bitsige stryd om te bestaan aan die gang. Mens moet maar gedurig die weegskaal in die hand neem om besluite een of ander kant toe te neem.

Met die huidige verkeersmiddels en telekommunikasiemiddels tel afstande en afgesonderheid nie meer nie. Selfs die wetenskap, wat deur 'n skrywer as die Stem van God vir ons geslagte en ons tye bestempel is, het meteens ook die allergevaarlikste wapen geword vir die selfvernietiging van die mensdom.

6. Die groot probleem van die universiteit in ons tyd is om *twee haas onversoenbare dinge te versoen.* Aan die een kant het ons die steeds groter wordende vraag van ons tyd, met sy ontsaglike tegniese vordering, na tegniesopgeleide manne en vroue. Aan die ander kant het ons die ou tradisionele taak van die universiteit om suiwer belangeloos te soek na die waarheid en na menswaardige lewenswaardes.

Of, anders gestel: Dit is aan die een kant ongetwyfeld die taak van die moderne universiteit om sy studente onder die besef te bring dat hulle 'n wêreld van intense mededinging tegemoetgaan en om hulle deeglik voor te berei om daarin hulle weg te baan en om op tegniese gebied hulle plek vol te staan in diens van hulle land. Tog aan die ander kant bly dit die eerste en grootste taak van elke universiteit om naas sy taak van ondersoek en navorsing mense op te lei wat in die volle bewussyn sal lewe van die waardegrondslae van ons Christelike Westerse beskawing.

Sonder om die minste poging aan te wend om die twee uiterstes met mekaar te versoen, wil ek vanaand 'n paar los gedagtes oor albei aspekte in die midde lê.

7. Eers dan 'n paar woorde oor die tradisionele taak van die universiteit.

Tereg is verklaar dat dit *nie* die primêre funksie van 'n universiteit is om net te voorsien waarvoor die mark bereid is om te betaal nie. Die verwerwing van 'n universiteitsgraad moet nie noodwendig beskou word as net 'n voorvereiste om 'n nuttige landsburger te word nie. Inteendeel is dit die taak van diegene wat in die diens staan van die hoër opvoeding en die hoër onderwys, om leiding te neem en nie om blote volgelinge en naapers van die mark te wees nie. Die dosent sowel as die student moet sy plek volstaan in die gemeenskapslewe en nie net een of ander betrekking daarin beklee nie. Tereg het die Rektor by 'n vorige geleentheid gesê dat *roepingsbewustheid hoër gestel moet word* as net beroepsbekwaamheid en wel die besef dat elke werk 'n taak is deur God self opgelê.

8. Waar hierdie Alma Mater van ons in die besonder op die voorposte probeer staan as *wagter vir die stryd om die C.H.O.-beginsels*, is dit nie onvanpas om in die verbygaan die versekering te gee dat in hierdie stryd en getuienis ons nie alleen staan nie.

In 'n verslag oor universiteitsaangeleenthede in Kanada, het die President van die Toronto-Universiteit verlede jaar nog die feit beklemtoon dat alhoewel daar 'n voortdurende herwaardering van alle tradisie moet wees in die lig van veranderende behoeftes en omstandighede, *moet* die *basiese beginsels* waarvan uitgegaan word, *blywend wees*. Hy betreur dit ten sterkste dat godsdiensonderrig in die meeste universiteite geen plek gegee word nie. Hy sê o.a.—

(a) „To the student who knows nothing of theology, much history is meaningless, much philosophy is distorted and much literature is unintelligible"; of

(b) „To take a more obvious example, the spirit of English literature cannot be apprehended without a background of religious awareness and a knowledge of the Bible. Religious beliefs, practices and symbols pervade the literature from Wycliffe and Chaucer to T. S. Eliot and Christopher Fry".

Hy gaan dan voort om verskeie skrywers, sowel in Engeland as in die V.S.A., aan te haal, wat saam met hom hierdie gebrek in enige universiteitsopleiding betreur. Hy sê: „The whole question of ‚godlessness' in higher education is recognised and is being studied also in the British Isles . . . . . *Universities must regain their spiritual leadership.* It has been well said: ‚Never has the human mind been master of so many facts and sure of so few principles' . . . . . We are living on the spiritual capital of our forefathers.

Universities should be increasing the Nation's spiritual endowment. In this era of life, it does appear that the modern university is failing to play a role in modern society".

En dan verklaar hy: „*This constitutes a challenge to all Universities*".

9. Sulke *mannetaal van oorsee* behoort 'n riem onder die hart van elke Christen te wees, maar in die besonder van diegene wat onder die vaandel van die P.U. vir C.H.O. in ons land die stryd aangeknoop het.

Alle vooruitgang en alle ontwikkeling is die gevolg van 'n uitdaging, maar veral die gevolg van die wyse waarop daar antwoord op gegee word. *Die bestaansreg van 'n steeds groeiende P.U. vir C.H.O.* setel by uitstek daarin dat hy as doelbewuste roeping aanvaar het 'n uitdaging om 'n spesifieke beginsel nie alleen te mag propageer nie maar in alle opsigte uit te lewe. Alleen daardeur kan ons Universiteit 'n krag en 'n rigsnoer in ons volkslewe wees en bly en sy studente met sodanige vaste voedsel spysig dat hul op die grondslag van stewig gelegde fondamente inderwaarheid die fakkel van die blanke beskawing in Suid-Afrika kan uitdra en hooghou.

10. Om dit alles te kan bereik moet die eise sowel as die standaarde alhier so hoog moontlik gestel word. Selfs nie die allerbeste moet goed genoeg vir die P.U. vir C.H.O. geag word nie. Daar moet op geen lonere gerus word nie, nog minder gestrewe word om sonder ander prestasies net vooraan te loop met getalsterktes van studente nie.

Hierdie hoë standaarde geld natuurlik vir dosente sowel as vir studente. Dosente kan kragdadige leiding alleen bewaar deur ywerige navorsers op hul onderskeie gebiede te wees en sodoende self so produktief moontlik te wees.

Indien uit ons universiteite ons toekomstige volksleiers moet kom, dan rus daar 'n des te groter verantwoordelikheid in die hande van die hoogleraars. Niemand kan 'n volksleier word of wees wat nie 'n gedissiplineerde lewensonderrig ontvang het nie. *Arnold Toynbee* het tereg gesê dat as ons aan ons kinders die reg ontsê om te druip of hul kop te stamp en weereens te probeer, dan ontroof ons hul van 'n ware kennis van die wêreld rondom hul soos dit werklik en in wese is.

Die gekerm van ons tyd om groter en meer vryhede is 'n blote pappegaaikreet. Die ondervinding van die lewe is dat vryhede sonder dissipline, sonder lojaliteite en sonder pligsbesef en pligsgebondenheid soos die vrugte van die Dooie See is. Dit loop uit op selfvernietiging. Lojaliteit behels basies gehoorsaamheid en dus 'n beperking van daardie vryhede wat so graag begeer en nagestreef word. Hoofdoel van 'n universiteitslewe is juis om te leer hoe om enige beskikbare vryheid te gebruik en te waardeer.

11. Niemand kan 'n leier wees, laat staan nog enige sprake van 'n volksleier, tensy hy weet *waar* hy staan en veral *waarvoor* hy staan nie. Ons moet bereid wees om ons beginsels uit te lewe, sonder om in ag te neem wat dit gaan kos en nie terugdeins vir enige opofferinge daaraan verbonde nie. Dit is eerste vereistes vir enige toekomstige volksleiers en dit is 'n basiese taak van enige universiteit om die studente deur die toepassing van strenge eise en hoë standaarde onder die besef van hierdie basiese lewensbegrippe te bring. Hier moet manne en vroue gevorm word wat in staat is om verantwoordelikhede te aanvaar en nie bloot om graduandi tegnies bekwaam vir witboordjie-betrekkings, die wêreld in te stuur nie.

12. Daar word vandag veelal verwys na die hedendaagse asfaltjeug. Dit is egter die opvoeding en onderwys wat sodanig moet wees dat die jeug nie die prooi word van 'n vervalste sin van waardes nie. Indien ons as opvoerders ons opgelegde taak met welslae wil volvoer, dan moet die jeug deur ons opvoeding en onderwys onder die besef gebring word waarheen die pad van die lewe gaan. Alleen as ons daarin slaag, kan die toekoms —stoflik sowel as geestelik—vir ons nageslag verseker word.

Maar dan kom ons meteens teenoor die feit te staan dat teoretiese kennis, hoe goed ook al, op sigself nie voldoende vir die lewe daarbuite is nie.

13. Wanneer studente hierdie Inrigting verlaat, het hulle as taak die praktiese toepassing van teoretiese kennis, met die behoorlike inagneming van die steeds wisselende sosiale en ekonomiese toestande van land en volk. Soos reeds gesê, nuwe probleme en nuwe uitdagings sal van dag tot dag opduik en daarop sal op positiewe wyse gereageer moet word. Hul sal egter alleen dan kan saambou aan 'n gesonder en bestendiger ekonomie, as hul reeds hier aan die Universiteit geleer word dat wat die maatskaplike lewe betref, die lands -en volksbelang te alle tye voorop gestel moet word.

14. Die tyd het geleer dat die spreekwoord „ondervinding is die beste leermeester" maar 'n halwe waarheid is. Met dat die samestelling van hedendaagse instellings ingewikkelder word, word die afstand tussen die teorie en die praktyk ook al groter. Dit is onteenseglik bewys dat akademiese opleiding vandag 'n absolute vereiste is vir die suksesvolle leier in die bedryfslewe. Die persoon met opleiding moet vanselfsprekend 'n groter sukses van sy loopbaan maak as die een wat bloot op ondervinding staatmaak.

15. Waar ek nou in die ekonomiese sfeer my brood verdien—en dit nie sonder sweet nie—wil ek enkele gedagtes in die verband nader ontleed.

Die Goddelike bevel na die sondeval lui dat die man sy brood in die sweet van sy aanskyn sal verdien en die vierde gebod maan ons ook tot daadwerklike arbeid. Sonder om noodwendig materialisties te wees, moet die mens sorgdra dat hy in sy stoflike behoeftes kan voorsien. Nie om in weelde te kan lewe nie—want rykdom word veelal 'n mag wat oor 'n mens heers in plaas daarvan dat mens dit in beswil van jouself en jou medemens aanwend. Tog is dit mooi van die mens dat hy steeds op alle gebied van die lewe vooruit wil gaan—en hier is die ekonomiese vooruitgang seker nie die onbelangrikste nie.

16. Die wêreld, en ook Suid-Afrika, het die toestand bereik waar die oorgrote persentasie van sy bevolking vir sy stoflike behoeftes afhanklik is van die sekondêre en tersiêre bedrywe van die land. Waar die mens steeds daarna strewe om sy ekonomiese beskawingspeil te verhoog, daar lê die oplossing vir hierdie saak ook tot 'n groot mate in die beter toerusting van hulle wat die nodige leiding aan die werknemers in die genoemde bedrywe van die landsekonomie moet verskaf.

17. Vir die mens is *die begrip van bestuur en administrasie* feitlik so oud as die menslike geskiedenis self. Reeds in die tweede Bybelboek vind ons 'n pragtige voorbeeld daarvan. Daar lees ons soos volg: „Moses het toe bekwame manne uit die hele Israel gekies en hulle as hoofde oor die volk aangestel—owerstes oor duisend, owerstes oor honderd, owerstes oor vyftig en owerstes oor tien. En hulle het voortdurend oor die volk die regspraak uitgeoefen: die moeilike sake het hulle na Moses gebring, maar in al die klein sake self reggespreek".

18. Die leermeesters in die ekonomiese en aanverwante vakke, soos bedryfsekonomie, ens., het myns insiens *twee belangrike take:*

In die *eerste* plek moet hulle voornemende bestuurders, organiseerders, administrateurs en ander uitvoerende beamptes op so 'n wyse oplei dat hulle met voldoende kennis toegerus is om hulle in staat te stel om in die praktiese besigheidswêreld die beste en voordeligste gebruik te kan maak van die beskikbare natuurlike hulpbronne van ons land. In die *tweede* plek moet hulle met voldoende karakter toegerus wees om genoemde hulpbronne—nie slegs tot eie voordeel nie—maar veral tot die grootste baat van al die inwoners van die land, te help ontgin en ontwikkel tot groter krag en selfstandigheid van ons mooi en sonnige vaderland.

19. Sonder om in die minste afbreuk te doen aan die sterk behoefte aan geesdriftige en konstruktiewe navorsing deur alle fakulteite van die universiteit, wil ek tog in die besonder die *instelling van 'n ekonomiese navor-*

*singsburo of -instituut* aan ons Universiteit alhier verwelkom. Dit is die vervulling van 'n groot behoefte en leemte. Dit is nie alleen 'n lofwaardige begin nie maar verdien inderdaad die algehele steun en bemoediging van sowel die universiteitsowerhede as van die publiek daarbuite. Dit is veral in hierdie verband wat 'n aantal moontlikhede gebied word om aan studente 'n meer praktiese insig te gee in die werksaamhede wat vir hul wag.

*Die hooftaak van die navorser* is om feite te versamel en/of vas te stel. Hier veral kan en moet *meer samewerking tussen ons staatsdepartemente en ons universiteite* bewerkstellig word.

20. In hierdie verband kan dan ook dankbare melding gemaak word van die samewerking wat reeds bestaan tussen hierdie Inrigting en die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne. Dit is 'n uiters verblydende ontwikkeling, maar selfs hier kan baie meer gebruik gemaak word van studente, deur hulle daadwerklik in te span by die insameling, tabulering en verwerking van basiese gegewens.

Daar is op *ekonomies-statistiese gebied* so geweldig baie werk wat smeek om gedoen te word. Daar is baie waardevolle statistiese inligting wat redelik maklik van die handel en nywerheidsware van 'n dorp en distrik verkry kan word, en na insameling, tabulering en verwerking in verteerbare vorm aan ander instansies beskikbaar gestel kan word. Hier kan die teoretiese en praktiese vereistes van 'n toekomstige loopbaan mekaar dus pragtig aanvul en voorbereidingswerk verrig.

Ander soortgelyke geleenthede en moontlikhede sal wel met 'n bietjie inisiatief en vindingrykheid deur ander fakulteite van die Universiteit geskep kan word.

21. Op ekonomiese gebied staan daar vir Suid-Afrika, soos reeds gesê, *alleen vooruitgang en 'n rooskleurige toekoms* voor die deur. Ondanks die feit dat die uitbreidingstempo in ons land sedert die oorlog baie vinnig was en jaar na jaar alle vorige rekords oortref word, is dit my oortuiging dat op baie gebiede ons tot dusver alleen aan die oppervlakte van die nywerheidspotensiaal van ons geseënde land geraak het. *Die ekonomie is dinamies* en vir iets wat lewe is daar nie soiets soos stilstand nie, want dit sou agteruitgang beteken. Daarom is ek sonder voorbehoud of onsekerheid oortuig dat die verdere ontwikkeling van ons land nie afgeweer of selfs teruggehou kan word nie.

22. 'n Mens kan die toekoms nie maar blindelings tegemoetgaan nie. Dit is ons nie gegee om te weet wat die dag van more sal oplewer nie, maar ons is aan die ander kant met voldoende verstand toegerus om te kan

vasstel wat *normaalweg* vir more verwag kan word. Vir die tyd waarin ons lewe *het beplanning in elke faset van die ekonomiese en maatskaplike lewe dus 'n absolute vereiste geword.*

Dit geld ook vir u as Universiteit, want in die beplanning van die toekoms en u uitbreidingsplanne moet op al hierdie dinge gelet word.

23. Eerstens word deur gesaghebbendes geskat dat die *totale Uniebevolking in die jaar* 2000 *minstens* 30 *miljoen siele* sal wees, m.a.w. oor nog vyf-en-veertig jaar meer as dubbel die huidige bevolking van ons land —natuurlik alle rasse inklusief.

Die bedoeling is nie om hier presies juiste syfers te gee nie, *maar alleen om die algemene tendense te bepaal.* Die geraamde bevolking dui dan op 'n totale *arbeidskrag van ongeveer* 12 *miljoen* persone in daardie jaar 2000.

Indien die tendense van die verlede tot 'n groot mate ook in die toekoms gehandhaaf word, dan dui hierdie skatting vir die jaar 2000 na *'n nasionale inkome per capita* (blank en nie-blank) van ongeveer £500 per jaar teenoor slegs ietwat meer as £100 per jaar op die oomblik en minder as £25 per jaar in 1912, net na ons Unie begin het.

24. *Die tyd is kort* vir die geweldige taak wat daar vir al die universiteite van ons land wag, dus in die besonder ook vir die P.U. vir C.H.O. Daar sal 'n steeds groter behoefte, en selfs honger, ontstaan vir goed opgeleide manne en vroue op alle terreine van ons lands- en volkslewe. Soos reeds verklaar, sal daar in die toekoms al hoe minder bestaansmoontlikhede vir die ongeskoolde en onopgeleide persone wees.

Sonder om in ag te neem die behoeftes op ander terreine van die maatskaplike lewe, soos die van onderwysers, staatsamptenare, dokters en ander professionele werkers, ens. vra ek u om vir uself *uit te reken die aantal goedopgeleide sakebestuurders wat oor* 45 *of* 50 jaar nodig sal wees om leiding te gee aan die bogenoemde 12 miljoen arbeiders in hul daaglikse arbeid. Dink aan die groot en aantreklike terrein wat oopstaan vir wetenskaplik opgeleide en gekwalifiseerde bestuurders en ander uitvoerende beamptes. Dink aan die geweldige toename wat daar in produksie op alle vlakke sal moet wees om te voldoen aan die vraag van die massiewe binnelandse mark wat tot ontplooiing sal kom en die baie monde wat om brood sal vra.

25. Dit alles beteken dus nie dat daar tyd en geleentheid is om met gevoude hande maar te sit en rus nie. Die stoflike welvaart, soos hoër inkomstes, 'n hoër lewensstandaard en wat daarby kom, wat die gevolg sal wees van die ongekende ontwikkeling op ekonomiese gebied, sal nie

vanself kom nie. Dit alles kan alleen teweeggebring word indien daar die so nodige *verhoging in die produktiwiteit van die werknemer van ons land* kom. Om dit te bewerkstellig moet die potensiële ontwikkeling nie toegelaat word om maar so *onbepland* te geskied en in die onbekende toekoms sy eie onbestuurde gang te gaan nie.

26. Te oordeel na die jongste goudmyn-ontwikkelinge hier in Wes-Transvaal en die nywerheidsontwikkelinge in aangrensende gebiede soos Sasolburg, Vanderbijlpark en Vereeniging, is dit nie 'n ydele of onverantwoordelike verwagting dat ook die *P.U. vir C.H.O. in die naaste toekoms vanself in die middelpunt van een van die vinnig ontwikkelende dele van ons land* te staan sal kom nie.

Daar wag dus ook op ons hier in Potchefstroom 'n geweldige taak van opleiding. *Beplanning op grootste skaal* moet reeds nou in die werk gestel word teneinde vroegtydige voorbereidings te tref vir die groeiende vereistes wat vir een en almal van ons wag. Daar mag nie met gevoude hande in selfvoldaanheid gesit en wag word dat die studentetalle maar aangroei nie.

27. Die universiteitsowerhede alhier het ook 'n plig en roeping om die mense na *hierdie* Universiteit te trek. Behalwe die beplanning op stoflike en materiële gebied wat daartoe vereis word, wil ek nogeens beklemtoon dat een van die beste wapens daartoe is *deeglike opleiding.*

Ek herhaal dat die *standaarde so hoog moet wees* en die *opleiding so deeglik* dat studente van die P.U. vir C.H.O. in die praktyk so bekwaam en doeltreffend sal blyk te wees dat hul mededingers sal besef dat sodanige opleiding 'n dringende noodsaaklikheid geword het—en wat meer belangrik is, dat dit allerbeste aan die P.U. vir C.H.O. verkry kan word. Hier sal die heerlike taak vervul word om die Godgegewe verstand van die jeug van ons volk in die regte rigting te laat ontwikkel.

28. *Ten slotte* nog net die vraag wat die gevolge van so 'n massiewe ontwikkeling op ekonomiese gebied vir ons volk op geestelike gebied sal wees? Dit is veel moeiliker om te voorsien, want die negatiewe korrelasie wat tussen stoflike en geestelike welvaart sou bestaan is geen noodwendigheid nie. In wese is die twee absoluut onafskeibaar, soos 'n kledingstuk inmekaar geweef. Daar is *altyd die stoflike, soos 'n kledingstuk inmekaar* geweef. Daar is *altyd die stoflike aspek van die geestelike dinge en vice versa.*

29. Hierdie omstandighede laat egter meteens weer die *soeklig val* op die hoogleraars en dosente van die P.U. vir C.H.O., as opvoeders van die jeug aan hul sorg toevertrou. Juis omdat hier 'n uitgesproke lewensbe-

skouing en beginsel gehuldig word, daarom weeg u taak in belangrikheid hier op teen die van enige ander instelling of organisasie in ons land.

30. Die studente wat van hier uitgaan moet so trots wees op hul onderrig dat hul met vuur en blymoedigheid die waarheid wat hier aan hulle verkondig is in die wêreld sal indra. Hul moet bewus wees van die feit en die betekenis daarvan ten volle besef dat *die menslike verstand* ook 'n gawe Gods is en dat dit aangewend moet word—nie vir eie gewin nie—maar tot die ere van ons Skepper en tot nut van ons naaste.

31. Ongelukkig is dit maar selde dat mens enige visioene en vergesigte, in werklikheid omgeskep, kan belewe. *Sukses is nooit finaal nie.* Dit is gesê dat sodra die mens 'n beter muisval bou daar mettertyd 'n slimmer muis geteel sal word.

So moet ons een en almal onder die besef kom dat op die lange duur niemand aan ons as individue of aan die bevolking in die algemeen 'n bestaan verskuldig is nie. 'n Stadium sal vroeër of later bereik word wanneer elke landsburger alleen daardie lewensstandaard sal kan geniet waarvoor hy bereid is om self te werk en, wat veel meer sê, *hard te werk.*

Dit geld in besondere mate vir dosente sowel as vir studente van die P.U. vir C.H.O. Hier is 'n uitdaging van die vrysinnige wêreld aanvaar.

32. Watter heerlike roeping en geleentheid word hier nie gebied vir konstruktiewe volks- en landsdiens nie.

Watter voorreg is dit nie om juis in hierdie tye en onder sulke gunstige omstandighede en met sulke vooruitsigte student aan die P.U. vir C.H.O. te mag wees nie!

33. Dit is haas oorbodig om selfs net met 'n enkel woord te konstateer dat die meerderheid van die grondliggende gedagtes wat ek vanaand probeer uitspreek het eweseer van toepassing is op professore en studente van die Teologiese Skool.

Mag daar te alle tye in steeds meerdere mate lig en leiding uitgaan van sowel die Teologiese Skool ter plaatse as van die P.U. vir C.H.O.!!

Met hierdie bede is dit my besondere voorreg om die akademiese studiejaar van albei Inrigtings vir 1955 as amptelik geopen te verklaar.